http://spilplus.journals.ac.za/



# LEKSIKOGRAAF, WOORDEBOEKGEBRUIKER EN TAALWETENSKAPLIKE: 'N KONGRUENTE OF INKONGRUENTE DRIEHOEK?

F.J. Lombard
Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal

## 1 INLEIDEND

*Kongruensie* word in die Wiskunde toegepas op driehoeke waarvan die sye op so 'n wyse ooreenkom met mekaar dat die hoeke *ook* dieselfde is. Vir die doel van hierdie gesprek is die begrip *kongruensie* aansienlik aangepas.

*Kongruensie* word hier herdefinieer as die verskynsel dat drie verskillende entiteite sodanig by mekaar aansluit dat 'n driehoek gevorm word. Soos enige ander driehoek, sluit hierdie een natuurlik volkome, en het dit 'n hoë strukturele integriteit. Elke hoek van die driehoek sluit ook nou by die ander hoeke aan. Die drie entiteite wat die hoeke van die driehoek in hierdie geval kan verteenwoordig, is ***woordeboekgebruiker, leksikograaf*** en ***taalwetenskaplike***.

Onder ideale omstandighede behoort hierdie drie entiteite sodanig by mekaar aan te sluit dat daar kongruensie is, maar die vraag is of dit werklik die geval is. Die gedagte dat woordeboekgebruiker, taalwetenskaplike en leksikograaf op mekaar afgestem behoort te wees, is nie nuut nie. A.C. Gimson wys byvoorbeeld daarop dat enige hersiening in die behandeling van uitspraakaanbieding in woordeboeke nie slegs op teorieë wat taalwetenskaplikes na aan die hart lê, moet berus nie, maar dat daar veral ook aandag deur die leksikograaf gegee moet word aan die behoeftes van die woordeboekgebruikers[1].

Gimson se opmerking kan natuurlik op meer as net uitspraakaanbieding slaan. Verskillende aspekte van mikrostrukturele aanbieding in woordeboeke is onderworpe aan

http://spilplus.journals.ac.za/



die potensiële spanning wat kan ontstaan in die driehoek saamgestel deur gebruiker, leksikograaf en taalwetenskaplike. Die leksikograaf sukkel dikwels om die progressiewe en veranderlike bevindings van taalwetenskaplikes en die dikwels konserwatiewe behoeftes van woordeboekgebruikers met mekaar te versoen. Ongelukkig kan geen aanname dus gemaak word dat die drie entiteite om wie dit hier gaan, per se kongruent is nie.

## 2 ONINGELIGTE GEBRUIKERS EN DIE LEKSIKOGRAFIE

Die eerste vorm van inkongruensie wat hier behandel gaan word, is die spanning wat kan ontstaan tussen woordeboekmaker en woordeboekgebruiker. Die leksikograaf is nie altyd in hierdie verband skuldig nie.

In die inleiding is melding gemaak van die konserwatiewe verwagtings van woordeboekgebruikers. Dit is juis hierdie konserwatisme t.o.v. taal wat meebring dat woordeboekgebruikers woordeboeke dikwels verkeerdelik kritiseer. Gebruikers verwag naamlik dat 'n woordeboek 'n waghondrol oor die taal moet vervul en sekere dinge uit die taal moet weer, selfs al gebruik hulle self daardie taal wat hulle nie in die woordeboek wil sien nie.

T.o.v. die reflekterende eerder as die voorskriftelike aard van woordeboeke, wys Wells op die futiliteit daarvan vir die leksikograaf om anders as objektief en pragmaties te werk te gaan met die stof tot sy beskikking: "To modern thinking however, the attempt to achieve conscious control of language is futile, for it is only by continuing adaptation to the needs of men that the language can fulfil its function"[2].

Dit is ongelukkig so dat die gebruikerspubliek nie altyd die leksikograaf se taak in hierdie lig sien nie, soos Gove, hoofredakteur van *Webster's Third New International Dictionary*

http://spilplus.journals.ac.za/



*of The English Language* (voortaan W3), ook uitgevind het toe hy maar net die toenemend informele gebruik van die taal, ook die letterkundige taal, gereflekteer het: " ... Gove accepted into his dictionary without a label some phenomena hitherto explicitly admitted by lexicographers only in the spoken language, or labeled as slangy, substandard and similar. This possibly was not enough for some linguists, but it was far too much for the public, who saw in this an opening of the door to vulgarity"[3]. Hierdie aanhaling toon dat Gove nie daarin geslaag het om taalwetenskaplike én gebruiker gelukkig te hou nie.

Die probleem wat Gove ondervind het, kan nie sonder meer teruggevoer word na die leksikograaf of taalkundige nie, maar is eerder gesetel in onkunde. Die volgende aanhaling illustreer dit: "But, in contrast to previous dictionaries, it (W3--FJL) makes no pretense of being a guardian of the language, and does not pass judgment on what is correct. It collects, but does not discriminate; it simply records"[4]. Dit is natuurlik eintlik die rol van 'n woordeboek om te "record", maar hierdie proses moet volgens linguistiese kriteria, byvoorbeeld deeglike etikettering, geskied.

Die ironie is dat die mense wat W3 die felste gekritiseer het, juis verantwoordelik was vir die taal wat Gove maar net gereflekteer het: " ... Familiar words ... have acquired new meanings or functions through having been gradually warped in quasi-literary use by the very writers who are now lambasting the new dictionary for recording the results of their handiwork"[5].

In hierdie opsig is dit die gebruiker wat 'n wig tussen die taalwetenskaplike en die leksikograaf kan indryf, want deur sy konserwatisme en onkunde word werklik getroue taalweergawe, ook t.o.v. die jongste bevindings uit die linguistiek, in woordeboeke gekompromitteer. Die konserwatisme van die gebruiker kan die effek hê dat die leksikograaf van 'n progressiewe uitkyk weerhou word.

http://spilplus.journals.ac.za/



As selfs bekwame mense soos skrywers (vgl. die aanhaling hierbo) nie die rol van 'n woordeboek reg verstaan nie, word dit duidelik dat daar 'n opvoedingstaak t.o.v. woordeboekgebruik nodig is[6] en alhoewel die leksikograaf sy woordeboek by sy teikengebruikers moet aanpas eerder as andersom[7], beteken dit nie dat gebruikers nie geleer kan word hoe om 'n woordeboek beter te gebruik en te verstaan nie.

Dit is belangrik dat dié proses op skoolvlak en ander opvoedingsvlakke aandag sal kry. In hierdie verband is die taalwetenskaplike die vennoot van die leksikograaf omdat taalonderwysers en -dosente hier 'n leidende rol sal moet speel.

## 3 LEKSIKOGRAFIE EN LINGUISTIEK

### 3.1 RAAKVLAKKE

Leksikografie is veral gemoeid met die optekening van taalgebruik as hulpmiddel vir kommunikasie[8]. Dié optekening was as sodanig nog altyd 'n soort kodifikasie wat iewers tussen linguistiese preskripsie en deskripsie geval het. 'n Groot deel van die basiese beginsels van die leksikografie word vanuit die teoretiese linguistiek gemotiveer.

Die leksikografie en linguistiek behoort dus nie totaal uiteenlopende entiteite te verteenwoordig nie. Enige gesonde leksikografie moet op 'n linguistiese basis berus en Hartmann verwys daarna: "Much of the recent literature in lexicography has consciously and explicitly related itself to linguistic theories in general and to theories of lexical semantics in particular"[9].

http://spilplus.journals.ac.za/



Omdat die meeste woordeboeke grammatiese kriteria gebruik om die gedrag van woorde te beskryf[10], is dit wenslik dat woordeboek en grammatika nie twee uiteenlopende, waterdigte kompartemente moet verteenwoordig nie, maar dat hulle mekaar moet komplementeer as middels tot die beskrywing van taal. Nóg 'n woordeboek nóg 'n grammatika behoort die alleenreg op bepaalde feite te hê[11].

Die wisselwerking wat daar tussen woordeboek en grammatika moet bestaan, word deur Hudson uitgewys[12]. Terwyl die leksikograaf die grammatikus kan help met die beskrywing van die leksikon, kan die grammatikus ook die leksikograaf tegemoet kom deur met grammatiese kategorieë te help.

Dit is daarom noodsaaklik dat die grense tussen woordeboek en grammatika oop moet wees en dat die leksikografie die reëls van die grammatika ten opsigte van die leksikon sinvol moet aanbied[13]. Dit behoort nie vreemd te wees dat leksikograwe en taalwetenskaplikes saamwerk nie; hulle tree naamlik dikwels op in die rol van arbiters t.o.v. taalgebruik en op dié wyse word daar op vennootskaplike wyse bygedra tot linguistiese standaardisasie.

Nog so 'n vennootskap waarin die leksikograaf met die taalwetenskaplike moet tree, kom voor as die leksikograaf die gemeenskaplike taalgebruik moet reflekteer. Elke mens se taalhantering is uniek, maar die leksikograaf kan nie elke individu se taalgebruik beskryf nie. Daarom moet die taal in 'n woordeboek so beskryf word dat die gemeenskaplike van al die sprekers se taalgebruik daarin gereflekteer word. Dit kan alleen gebeur as die leksikograaf die uitsprake van sosiolinguiste en variasietaalkundiges noukeurig bekyk.

Dat die aanbieding van grammatiese inligting 'n groot rol in woordeboeke speel of behoort te speel, word deur verskillende mense beaam. Al-Kasimi redeneer dat 'n woordeboek die nie-moedertaalgebruiker van al die inligting moet voorsien wat hy nodig het sonder om hom na taalkundige handboeke te

http://spilplus.journals.ac.za/



verwys[14]. Eksteen sluit hierby aan as hy wys op die belangrike rol wat grammatikale gegewens by woordeboekmakery speel. Hy glo dat slegs die aard van die behandeling van grammatika in 'n woordeboek van dié van 'n grammatikahandleiding verskil. Hy wys verder daarop dat onder andere affikse, onselfstandige morfeme en woordsoorte suiwer tot die grammatiese terrein behoort en dat die behandelingswyse van 'n woordeboek ten opsigte van dié verskynsels dus nie anders kan as om grammaties te wees nie[15].

Een van die belangrike take van 'n woordeboek is om gebruiksleiding aan onkundiges te verskaf. 'n Deel van dié gebruiksleiding is linguisties van aard, en 'n woordeboekopsteller sal sy plig versuim as hy nie genoeg grammatikale kriteria waarmee die gedrag van woorde beskryf word, in sy woordeboek tereg laat kom nie. Mufwene beweer in dié verband die volgende: "A good dictionary, as a tentative printed representation of a community, must be expected to include information which is relevant to grammar"[16].

Dit lyk asof die leksikograaf die ideale tussenganger tussen linguistiese teorie en taalpraktyk kan wees omdat hy met albei moet werk. 'n Woordeboek verteenwoordig ook die ontmoeting tussen taalstudie en die publiek[17]. Vanweë die linguistiese basis van woordeboeke is dit belangrik dat die metaleksikografie voorsiening moet maak vir die verskillende insigte wat uit die taalteorie in die woordeboek toegepas moet word. Die leksikografie en leksikograwe kan nie bekostig om langer aan uitgediende en argaïese beskouings te kleef nie[18].

Ongelukkig gebeur dit egter dat woordeboeke dikwels 'n konserwatiewe krag in die taal is en dat hulle linguistiese verandering vertraag[19]. In dié verband noem Cowie die volgende: "The grammatical treatment of entries in English dictionaries reflects the deeply rooted conservatism of lexicographical theory and practice"[20]. Onbevredigende leksikografiese praktyk volg dikwels uit onkunde oor die

http://spilplus.journals.ac.za/



bevindinge van, of uit 'n gebrek aan leiding vanuit die metaleksikografie.

Die leksikografie, net soos die taal, durf nie staties wees nie en 'n evolusieproses kenmerk ook die moderne leksikografie. Woordeboeke het vir baie jare die beeld gehad van 'n bergplek van inligting wat net gebruik is om duidelikheid oor 'n betekenis of spelling te verkry[21]. Twee faktore het meegehelp om bogenoemde houding te verander, naamlik 'n nuwe belangstelling in woordeskat en die onderrig daarvan, en die toenemende bewustheid onder linguisties onderlegde leksikograwe van die aansienlike fondament waarop hulle praktyk berus.

Ilson beweer dat 'n woordeboek die suksesvolste en betekenisvolste boek oor taal is[22]. Omdat woordeboeke so wyd gebruik word, is hulle betekenisvolle linguistiese geskrifte. Dit behoort daarom vanself te spreek dat die taalbeskrywing in woordeboeke ook linguisties gesproke korrek en op datum met die jongste insigte moet wees. In hierdie verband moet die taalprofessie (leksikografie) gaan kers opsteek by die taalwetenskap.

## 3.2 VERSKILLE

Gleason gee 'n interessante kykie in die taak van die leksikograaf. Volgens hom kan 'n taalwetenskaplike dit waaraan hy wil werk, en die metodes wat hy wil volg, en die mate waarin hy in sy materiaal wil ingryp self kies, maar die leksikograaf kan *homself nie dié weelde veroorloof nie*[23].

Die leksikograaf moet deur die hele woordeskat werk sonder om sekere woorde af te skeep of ander onnodige prominensie te gee, en hy moet dit alles so uniform as moontlik doen volgens

http://spilplus.journals.ac.za/


'n vooraf ooreengekome formaat terwyl hy 'n dreigende keerdatum in gedagte moet hou.

Nes die taalwetenskaplike, probeer die leksikograaf om die woordeskat van 'n taal in 'n patroon vas te vang. Die leksikograaf en die taalwetenskaplike bied egter hul stof elkeen op sy eie manier aan. Die taalwetenskaplike bied naamlik gewoonlik die norm aan sonder om hom te veel oor afwykings daarvan te kwel, terwyl die leksikograaf ook die norm aanbied, maar met die volle wete dat taal 'n eie wet en wese het wat deur die gebruikers daarvan geskep word.

Die leksikograaf het ook 'n baie groter beperking op hom as die taalwetenskaplike[24]. Die taalwetenskaplike het 'n vrye keuse ten opsigte van die probleem waaraan hy wil werk, die metodes wat hy gaan gebruik en die mate waarin hy die materiaal wil ontleed. Die leksikograaf het nie so 'n keuse nie; hy moet die leksikon aanbied sonder om sy voor- of afkeure te laat blyk en gewoonlik geskied dit volgens 'n redelik geykte metode.

Een van die groot uitdagings wat aan leksikograwe gestel word, is om 'n werklik samehangende en uitgebreide beskrywing van taal te gee. Stein voer aan dat taalwetenskaplikes nog nie daarin kon slaag nie terwyl dit wel van leksikograwe verwag word[25]. Een van die grootste take wat leksikograwe het, is om die taalwetenskaplike se siening van die struktuur en funksie van woorde te versoen met die eiesoortige organisatoriese eise van 'n konvensionele woordeboek, wat uiteindelik bepaal word deur die gewone, konserwatiewe verwagtings van die gebruikers[26].

Die leksikograaf kan nie die verwagtings van die gebruikers ignoreer nie, anders sal sy woordeboek beswaarlik kan slaag. Aan die anderkant lyk dit asof hy onverskillig staan teenoor sy taalwetenskaplike kollegas indien hy nie hulle nuwe insigte reflekteer nie. Die leksikograaf bevind hom hier in 'n dilemma en die problematiek verbonde aan sy taak in hierdie

http://spilplus.journals.ac.za/


verband word soos volg deur Cowie verwoord: "Devising a system which properly reflects the grammatical complexities but which is at the same time clear and usable calls for great ingenuity"[27].

Dit kan dan ook inderdaad gevra word of die woordeboek en die leksikon goed op mekaar afgestem is. Hierdie vraag wat o.a. deur Mallinson[28] gevra word, is geldig, want soos reeds genoem, het die opstellers van handwoordeboeke en skoolwoordeboeke dikwels probleme om dit wat die taalwetenskaplike aanbied, op die konvensionele manier in hul woordeboeke weer te gee. Die leksikograaf het dikwels te kampe met 'n diskrepansie tussen nuwer grammatiese terminologie in die jongste grammatikas en die geykte terminologiese tradisie van woordeboeke.

Die skrywer van 'n Afrikaanse skoolwoordeboek bevind hom hier byvoorbeeld t.o.v. woordsoortbenoeming in 'n dilemma: enersyds wil hy graag die nuutste taalkundige insigte en terminologie reflekteer, en andersyds wil hy gebruikersvriendelik wees deur dít te reflekteer waarmee sy gebruikers vertroud is. Hy wil ook nie preskriptief wees nie. Ongelukkig is terminologiese korrektheid en gebruikersvriendelikheid in hierdie stadium nog nie heeltemal versoenbaar nie. Dié situasie bestaan omdat daar op die oomblik 'n terminologiese weerspreking tussen skoolgrammatikas en nuwer grammatikas is. Indien die opsteller dus 'n keuse maak ten gunste van die nuutste of mees aanvaarde terminologie, tree hy noodwendig effens gebruikersonvriendelik op omdat dié terminologie nog nie op skoolvlak gereflekteer word nie.

Gouws noem dat dit ideaal sou wees as daar geen terminologiese weerspreking tussen woordeboek en grammatika is nie[29]. Omdat so 'n ideale situasie nie bestaan nie, moet die woordeboekopsteller 'n keuse maak. Dié keuse moet nie op sentiment en tradisie nie, maar op grond van linguistiese oorwegings gemaak word, en daarom is dit wenslik dat die

http://spilplus.journals.ac.za/


terminologie wat in die taalkunde die beste gemotiveer en die wydste aanvaar word, gereflekteer moet word.

## 4 LEKSIKOGRAAF EN TAALWETENSKAPLIKE

In die inleiding is daar gemeld dat daar soms spanning tussen leksikograaf, gebruiker en taalwetenskaplike kan wees. Baie van dié spanning betrek nie al drie entiteite nie, maar is in wese bipolêr. Spanning kan byvoorbeeld tussen leksikograaf en gebruiker voorkom omdat die leksikograaf 'n gebruikersonvriendelike woordeboek geskryf het. 'n Geval waar daar heel dikwels oënskynlik bipolêre spanning heers, kom voor tussen taalwetenskaplikes en leksikograwe.

Van die leksikograwe verbonde aan groot woordeboeke oorsee het onlangs byvoorbeeld nog aan die hoofredakteur van die WAT gesê dat hulle hulle nie veel aan taalkundiges steur nie omdat taalkundiges niks vir hulle te sê het nie. In ons land bestaan daar ook al lank 'n 'gevoel' tussen taalkundiges en leksikograwe.

Daar is seker talle redes vir die wantroue tussen leksikograaf en taalwetenskaplike, onder andere werklike en gewaande onbevoegdheid. Wat taalwetenskaplikes waarskynlik dikwels mateloos irriteer, is die feit dat leksikograwe heel dikwels hul raad in die wind slaan. In die verlede het botsende persoonlikhede of 'n jy-moet-darem-jou-plek-ken-houding baie hiermee te doen gehad. Dr. P.C. Schoonees het dit byvoorbeeld nie waardeer nie toe 'n Nederlandse tydskrif 'n "jong beunhaas" gevra het om 'n resensie oor 'n bepaalde Woordeboekdeel te skryf. Dié beunhaas, vandag 'n baie bekende taalkundige, was op daardie stadium 'n student in Nederland.

Iets wat aanleiding gee tot ontevredenheid by leksikograwe, is dat sommige taalwetenskaplikes wat woordeboeke resenseer,

http://spilplus.journals.ac.za/



dikwels verwarrende en teenstrydige vereistes stel. Dit het al by die beoordeling van dele van die WAT gebeur dat die redaksie deur 'n sekere resensent ('n taalkundige) vir 'n bepaalde hanteringswyse geprys word terwyl 'n ander resensent die redaksie daaroor wil kruisig. By die leksikograaf ontlok dit die gevoel dat niks wat hy doen, die taalwetenskaplikes ooit tevrede sal stel nie. In 'n gespreksgeleentheid tussen leksikograwe en taalkundiges het dit voorgekom dat 'n sekere voorstel gemaak word, net om by 'n later geleentheid herroep te word omdat dit in die praktiese taalbeskrywing *nie* haalbaar is nie. Ook dit kan tot spanning lei. Die leksikografie is *nie* 'n plek om te eksperimenteer nie.

Die feit dat sommige taalwetenskaplikes ook hul hand met bedenklike of wisselende sukses aan die leksikografie gewaag het, sterk ook soms die leksikograwe se hand wat meen dat taalwetenskaplikes bontpraat oor hul vakgebied. Selfs die feit dat daar sprake van *onbevoegdheid* aan *die kant* van leksikograwe is, word soms voor die deur van taalwetenskaplikes gelê: daar word naamlik beweer dat dit juis taalwetenskaplikes is wat die onbevoegdes opgelei het en dat die onbevoegdheid wat hulle so dikwels kritiseer, dus 'n refleksie op hul onbekwame opleiding is. Nog iets wat enigsins vreemd aandoen, is dat dit soms gebeur dat 'n taalwetenskaplike *na* deeglike navorsing tot 'n bepaalde waarheid of insig kom, en dan die leksikograaf verkwalik dat hy nie lankal tot daardie selfde insig gekom het nie. Dit lyk my dat die uitpluis van die taal en die skryf van grammatika die werk van die taalwetenskaplike eerder as die leksikograaf is. *Die leksikograaf moet* op die spoor van die taalwetenskaplike loop, maar dit sou 'n ongesonde situasie wees as hy die taalwetenskaplike voor is.

Ongelukkig ontaard die 'stryd' tussen leksikograaf en taalwetenskaplike dikwels in 'n onverkwiklike kringloop, en die duimreël van alle driehoeke geld ook hier: as twee van die hoeke van 'n driehoek hulself by wyse van spreke groot ag,

http://spilplus.journals.ac.za/



moet die derde hoek noodwendig kleiner word as hy hoegenaamd nog deel van die driehoek wil wees. Hoe groter die stryd tussen leksikograaf en taalwetenskaplike, hoe meer trek die gebruiker aan die kortste end. Die spanning tussen leksikograaf en taalwetenskaplike is daarom net oënskynlik bipolêr, omdat 'n derde party, die gebruiker, ook hierby betrek word.

Myns insiens moet die hoek van die gebruiker nie kleiner as die van die taalwetenskaplike en die leksikograaf wees nie; inteendeel. Die hoeke van leksikograaf en taalwetenskaplike het immers bestaansreg omdat daar iemand soos 'n gebruiker is. Indien taalwetenskap en taalbeskrywing in 'n vakuum sou plaasvind, sou taalwetenskaplike en leksikograaf mekaar moontlik sonder te veel skade nog die stryd kon aansê, maar aangesien dit nie die geval is nie, moet dié onverkwiklike situasie ter wille van die gebruiker en albei die dissiplines ten goede omgekeer word.

Leksikograwe, veral die nuwer geslag, kan en wil ten goede verander. Dit vra van hulle o.a. om hulself linguisties so goed as moontlik te kwalifiseer. Wat leksikograwe van die taalwetenskap en taalwetenskaplike verlang, is om ter wille van beter taalbeskrywing in 'n vennootskaplike verhouding met hulle te tree. In hierdie opsig het die *Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal* 'n leidende rol gespeel deur 'n gesprek tussen taalkundiges, onder wie fel kritici getel het, en die leksikograwe van die WAT te inisieer.

Die soort gesprek wat gevoer is, was baie positief in dié opsig dat verkeerde persepsies uitgestryk is en dat daar van albei kante waardering vir mekaar se werk gekom het. Die taalwetenskaplike moet besef dat die leksikograaf sy bondgenoot in die beskrywing van taal is en die leksikograaf moet besef dat die taalwetenskaplike aan hom insigte verskaf wat hy nie het nie en waarsonder hy nie kan klaarkom nie.

http://spilplus.journals.ac.za/


## 5 ONTLADING VAN DIE SPANNING EN SAMEWERKING

Die feit dat daar soms groot spanning tussen taalwetenskaplikes en leksikograwe bestaan, is 'n onhoudbare toestand. Leksikograaf en taalwetenskaplike is immers albei betrokke by die beskrywing van taal en die twee dissiplines het heelwat gemeen. Dit spreek vanself dat taalbeskrywing effektiewer behoort te wees as daar *goeie samewerking* tussen die twee dissiplines is.

Die taalwetenskap het baie vir leksikografie as taalprofessie te bied. Dit is o.a. reeds genoem dat leksikografie op 'n linguistiese basis berus en dat leksikograaf en taalwetenskaplike vennootskaplik saamwerk m.b.t. taalstandaardisasie en dat die leksikograaf die uitsprake van sosiolinguiste en variasietaalkundiges noukeurig *moet* bekyk indien hy die taalwerklikheid goed wil weerspieël. Die taalwetenskap bied dus vir die leksikografie as taalprofessie nuwe insigte, en 'n teoretiese onderbou.

Vir leksikograwe is dit veral noodsaaklik dat daar leiding vanuit die metaleksikografie kom. Heelwat van die WAT se nuwe Redaksionele Stelsel berus byvoorbeeld op navorsing en insigte van R.H. Gouws, veral soos dit tereg kom in sy boek, *Leksikografie* (1989). Die insig dat die leksikon uit leksikale items en nie woorde nie, bestaan, het die leksikograaf se werk byvoorbeeld aansienlik makliker gemaak.

Soos dit die geval is in enige taalprofessie, vra die leksikografie van die taalwetenskaplike bekwame opleiding van aspirant-leksikograwe. Dit is verder vir die leksikografie van groot belang dat terme gestandaardiseer word en dat efemere terme wat dieselfde status as eendagsvlieë in die leksikografie het, uitgeskakel word. Dit is belangrik dat die leksikograaf sy grammatikale aanbieding op 'n stewige basis laat rus. Hierdie basis moet deur die taalwetenskaplike

http://spilplus.journals.ac.za/



verskaf word. Hoe beter dié basis, hoe beter behoort die woordeboek te wees.

Dit is ook vir die taalprofessies belangrik dat daar in die taalwetenskap 'n balans sal wees t.o.v. die navorsing wat gedoen word. Dit beteken dat daar meer aandag gegee kan word aan praktiese probleme as tans, en dat daar 'n ewewig kom tussen praktiese haalbaarheid en ingewikkelde teoretiese besinning. Leksikograwe het dikwels hulp nodig t.o.v. skynbaar heel eenvoudige sake, byvoorbeeld idiome. Oor baie van hierdie skynbaar eenvoudige taalsake is die laaste woord van taalwetenskaplike kant helaas nog nie gespreek nie.

Wat verder ideaal sou wees, is as sommige taalwetenskaplikes bereid sou wees om hul hande effens vuil te maak deur 'n skoolgrammatika te skryf. Op dié wyse sal baie van die verouderde terme en idees vervang kan word en die leksikograaf sal die nuwere insigte makliker kan reflekteer as tans. Teikengebruikers wat die "nuwe" terminologie sal verstaan, sal aansienlik meer wees as tans. Die groot taak van die leksikograaf in hierdie verband sal wees om vir die ouer gebruikers 'n omvattende inleiding te skryf waarin die nuwer terme verduidelik kan word.

In hierdie referaat het ek pleitbesorger probeer speel vir 'n vennootskaplike normalisering van die verhouding tussen leksikograaf en taalwetenskaplike. Dit is immers so dat 'n groot deel van die basiese beginsels van die leksikografie vanuit die teoretiese linguistiek gemotiveer word. Dit is eweneens so dat die leksikografie weer aan die toegepaste linguistiek 'n gesistematiseerde bron van kennis verskaf wat praktiese probleme kan oplos[30]. Dit is hoog tyd dat hierdie skynbare sinergie daadwerklik omgesit word in werklike kongruensie.

http://spilplus.journals.ac.za/



VOETNOTE

1. A.C. Gimson: Phonology and the Lexicographer, 115.
2. J.C. Wells: Dictionaries and the Authoritarian Tradition, 95.
3. L. Zgusta: Theory and Method in Lexicography, 8.
4. J. Sledd & W.R. Ebbitt: Dictionaries and That Dictionary, 126.
5. J. Sledd & W.R. Ebbitt: Dictionaries and That Dictionary, 103.
6. D. Crystal: The Ideal Dictionary, Lexicographer and User, 79.
7. F.W. Householder & S. Saporta: Problems in Lexicography, 279.
8. R.R.K. Hartmann: Introduction: Who Needs Dictionaries? 1, 2.
9. R.R.K. Hartmann: On Theory and Practice: Theory and Practice in Dictionary-Making, 4.
10. R.R.K. Hartmann: On Theory and Practice: Theory and Practice in Dictionary-Making, 5, 9.
11. F.F. Odendal: Leksikografiese Probleme III, 52.
12. R. Hudson: The Linguistic Foundations for Lexical Research and Dictionary Design, 308.
13. H. Weinrich: Die Wahrheit der Wörterbücher, 260.
14. H. Jackson: Grammar in the Dictionary, 53.
15. L.C. Eksteen: Die Leksikale Definisie, 32.
16. S.S. Mufwene: The Manifold Obligations of the Dictionary to its Users, 6.
17. Y. Malkiel: The Lexicographer as a Mediator between Linguistics and Society, 57; J.M. Sinclair: Lexicography as an Academic Subject, 12.
18. J.M. Sinclair: Lexicography as an Academic Subject, 12.
19. R.A. Wells: Dictionaries and the Authoritarian Tradition, 92, 93.
20. A.P. Cowie: On Specifying Grammar: On Specifying Grammatical Form and Function, 107.
21. A.P. Cowie: Lexicography and its Pedagogic Applications, 203.
22. R. Ilson, Dictionaries, Lexicography and Language Learning, 1.
23. H.A. Gleason Jr.: Grammatical Prerequisites, 27.
24. H.A. Gleason Jr.: Grammatical Prerequisites, 27.
25. G. Stein: Towards a Theory of Lexicography: Principles and/vs. Practice in Modern English Dictionaries, 124, 126.
26. A.P. Cowie: On Specifying Grammar: On Specifying Grammatical Form and Function, 99.
27. A.P. Cowie: On Specifying Grammar: On Specifying Grammatical Form and Function, 100.
28. G. Mallinson: The Dictionary and the Lexicon: a Happy Medium? 10.
29. R.H. Gouws: Leksikografie, 225.
30. R.R.K. Hartmann: Introduction: Who Needs Dictionaries? 1, 2.

http://spilplus.journals.ac.za/



## BIBLIOGRAFIE


Cowie, A.P. 1980-81. Lexicography and its Pedagogical Applications. *Applied Linguistics* II(3): 203-206.

Cowie, A.P. 1983. On Specifying Grammar: On Specifying Grammatical Form and Function, in Hartmann (red.) 1983: 99-107.

Crystal, D. 1986. The Ideal Dictionary, Lexicographer and User, in Ilson, (red.) 1986: 72-81.

Eksteen, L.C. 1965. *Die Leksikale Definisie. 'n Leksikografiese Ondersoek.* Ongepubliseerde D. Litt. proefskrif, UP.

Gimson, A.C.: Phonology and the Lexicographer, in McDavid & Duckert (reds.) 1973: 115-121.

Gleason, H.A. Jr. 1973. Grammatical Prerequisites, in McDavid & Duckert (reds.) 1973: 27-33.

Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie.* Pretoria: Academica.

Hartmann, R.R.K. (red.) 1979. *Dictionaries and Their Users.* Papers from the 1978 BAAL Seminar on Lexicography. Exeter Linguistic Studies 4, Exeter University.

Hartmann, R.R.K. 1979. Introduction: Who Needs Dictionaries? in Hartmann (red.) 1979: 1-8.

Hartmann, R.R.K. (red.) 1983. *Lexicography: Principles and Practice.* Londen: Academic Press.

Hartmann, R.R.K. 1983. On Theory and Practice: Theory and Practice in Dictionary-Making, in Hartmann (red.) 1983: 3-11.

Hartmann, R.R.K. (red.) 1984. *LEXeter '83 Proceedings.* Tübingen: M. Niemeyer.

Householder, F.W. & S. Saporta (reds.) 1967. *Problems in Lexicography.* Bloomington: Indiana University.

Hudson, R. 1988. The Linguistic Foundations for Lexical Research and Dictionary Design. *International Journal of Lexicography* 1(4): 287-312.

Ilson, R. (red.) 1985. *Dictionaries, Lexicography and Language Learning.* Oxford: Pergamon Press.

Ilson, R. (red.) 1986. *Lexicography: An Emerging International Profession.* Manchester: Manchester University Press.

Jackson, H. 1985. Grammar in the Dictionary, in Ilson (red.) 1985: 53-59.

Malkiel, Y. 1980. The Lexicographer as Mediator between Linguistics and Society, in Zgusta (red.) 1980: 43-48.

Mallinson, G. 1979. The Dictionary and the Lexicon: a Happy Medium? in Hartmann (red.) 1979: 10-18.

McDavid, R.I. Jr. & A.R. Duckert (reds.) 1973. *Lexicography in English.* Annals of the New York Academy for Sciences, 211. New York: New York Academy for Sciences.

http://spilplus.journals.ac.za/


Mufwene, S.S. 1984. The Manifold Obligations of the Dictionary to its Users. *Dictionaries* 6: 1-30.

Odendal, F.F. 1961-62. Leksikografiese Probleme III. *Standpunte* Nuwe Reeks 38/39: 48-55.

Sinclair, J.M. 1984. Lexicography as an Academic Subject, in Hartmann (red.) 1984: 3-12.

Sledd, J. & W.R. Ebbitt (reds.) 1962. *Dictionaries and That Dictionary.* Chicago: Scott, Foresman and Company.

Stein, G. 1984. Towards a Theory of Lexicography: Principles and/vs. Practice in Modern English Dictionaries, in Hartmann (red.) 1984: 124-130.

Weinrich, H. 1985. Die Wahrheit der Wörterbücher, in Zgusta (red.) 1985: 248-276.

Wells. R.A. 1973. *Dictionaries and the Authoritarian Tradition.* Den Haag: Mouton.

Zgusta, L. (red.) 1980. *Theory and Method in Lexicography.* Columbia: Hornbeam Press.

Zgusta, L. (red.) 1985. *Probleme des Wörterbuchs.* Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.